

HUISHOUDELIKE REËLS (Lees ook asseblief die volledig uiteengesette reëls in die kontrak.)

1. Opname
 - Slegs vanaf Maandag tot Vrydag tussen 9h00 en 12h00.
 - Geen opnames oor naweke en op vakansiedae nie.
2. Betaling van fooie
 - By opname is 'n eenmalige toetreefooi betaalbaar wat nie terugbetaalbaar is nie.
 - Losiesgelde is streng vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand.
 - Verlies van persoonlike eiendom mag nie teen losiesgeld verdiskonteer word nie.
 - 'n Inwoner wat Rusoord wil verlaat, moet skriftelik 'n kalendermaand kennis gee.
3. Eie meubels
 - Afhangende van die spasie wat beskikbaar is, word inwoners toegelaat om hulle eie meubels saam te bring. Dit sluit gewoonlik die volgende in: 'n gemakstoel, laaikas/lessenaar, TV en waaier.
 - Alle versoeke vir eie meubels moet met die hoofbestuurder uitgeklaar word.
 - Die TV moet asb. nie groter as 70cm x 40 cm wees nie en moet verkieslik kan draai, veral vir bedlêende inwoners.
 - Inwoners in die verswakte afdelings gebruik gewoonlik die tehuis se meubels.
4. Medikasie
 - Alle medikasie moet deur 'n geneesheer voorgeskryf word.
 - Met opname moet 'n voorskrif van die dokter, tesame met die medikasie, by die suster ingehandig word.
 - Reëlins vir die herhaling van medikasie en maandelikse aanvulling daarvan, moet betyds getref word.
 - Kinders/naasbestaandes bly verantwoordelik vir hierdie aspek.
5. Verlofregister
 - Indien 'n inwoner op vakansie gaan en die tehuis vir 'n onbepaalde tyd verlaat, moet die matrone ten minste twee werksdae voor die tyd ingelig word.
 - Die verlofregister moet volledig voltooi word, selfs as die inwoner die tehuis verlaat vir 'n uitstappie of vir die naweek.
 - Toestemming moet van die matrone verkry voordat iemand die inwoner op 'n uitstappie mag neem.
 - Indien 'n inwoner slegs vir 'n dag of twee weggaan, moet die matrone ingelig word sodat etes nie voorberei word nie.
6. Besoekers
 - Daar word van besoekers verwag om hul binne in die terrein stil te gedra om die nodige respek te toon aan alle inwoners, veral die verswaktes.
 - Besoektye:
 - Verswakte sorg: daaglik 9:00 – 11:30; 14:30 – 16:00 en 18:00 – 20:00.
 - Ander inwoners: enige tyd vanaf 9:00 – 20:00.
 - Buitedeure en hekke word om 20:15 gesluit.
7. Persoonlike eiendom

- Die bestuurskomitee en personeel is nie verantwoordelik vir die verlies van enige waardevolle besittings wat in die kamers gehou word nie (bv. juwele, geld, selfone ens.).
 - Kontant kan by die ontvangskantoor ingehandig word vir veilige bewaring. Die bedrag wat benodig word kan dan weekliks onttrek word.
8. Rusoord se eiendom
- Geen linne of meubels van Rusoord mag uit die kamers verwyder word nie.
 - Geen spykers mag in die mure ingekap word nie. Toestemming word van matrone verkry om enige iets teen 'n muur te hang.
 - Die koste van skade wat aan die kamer aangebring word, sal by ontruiming van die inwoner se rekening verhaal word.
 - Enige iets, soos verwarmers of TV arms, wat permanent aangebring word, word die eiendom van Rusoord.
 - Kamersleutels word by matrone ingehandig wanneer 'n inwoner die tehuis verlaat.
9. Wasgoed
- Wasgoed mag nie in die kamers gewas word en by die vensters uitgehang word nie.
 - Inwoners se klere moet duidelik gemerk word omdat wasgoed na die washuis gestuur word.
10. Veiligheid
- Inwoners word verwag om so op te tree dat hulle eie veiligheid en die van ander inwoners, beskerm word.
 - Inwoners sal op hoogte gehou word van veiligheidsmaatreëls en veiligheidsoefeninge mag soms plaasvind (onder streng toesig van mediese- en veiligheidspersoneel).
 - Geen kerse, indompelaars, stryksters, elektriese komberse of warmatersakke mag in die kamers gebruik word nie.
 - Vlambare middels soos Benzien word ook nie toegelaat nie.
11. Sterk drank en rook
- Geen sterk drank mag in Rusoord gebruik word nie, tensy so voorgeskryf deur 'n geneesheer.
 - Inwoners, personeel en besoekers mag nie in kamers, gange of gemeenskaplike areas rook nie. Daar is buite die oord aangewysde rookareas.
12. Godsdiens
- Godsdienstige oortuigings en die beoefening daarvan, is die reg en die voorreg van elke inwoner, mits dit nie skade doen aan die regte van ander inwoners nie.
 - Inwoners word versoek om nie in te meng met die oortuigings van ander op 'n manier wat kan aanstoot gee nie.
 - Daar word voorsiening gemaak vir huisgodsdiens en kerkbediening deur verskillende kerkgenootskappe.
 - Verskeie kerkdienste word ook op Sondae gehou.
 - Indien enige inwoner 'n behoefte aan berading het, kan dit met matrone bespreek word.

13. Siekte

- Indien 'n inwoner siek word, word familieledede nie toegelaat om die dokter te skakel nie. Dit bly die verantwoordelikheid van die verpleegpersoneel onder wie se sorg die inwoner is.
- Die matrone sal kontak maak met kinders/naasbestaandes indien 'n inwoner siek word of verswak.
- As 'n inwoner 'n afspraak het by 'n dokter/hospital, is dit die kinders se verantwoordelikheid om te reël vir vervoer.
- In geval van nood, sal Rusoord die ambulans ontbied.

14. Stiltetye

- Daar moet daaglik stilte gehandhaaf word tussen 13:00 en 15:00.
- Radio's en TV's se klank moet altyd so gestel word dat dit ander inwoners nie steur nie.

15. Plasing van inwoners en ontruiming van kamers

- Inwoners word geplaas en ook soms verskuif volgens die inwoner en die tehuis se behoeftes.
- Indien 'n inwoner so verswak dat versorging pal nodig is, sal dit met die naasbestaandes bespreek word.
- Dit sal ook met die naasbestaandes bespreek word as 'n inwoner so verswak dat goeie versorging in Rusoord nie meer moontlik is nie.
- Met afsterwe of verhuising van 'n inwoner, het die familie sewe (7) dae om die kamer te ontruim.

16. Klagtes

- Rusoord beskik oor 'n klagteprosedure (Bylae 3 in kontrak) en inwoners, asook hulle naasbestaandes, word versoek om hierdie prosedure te volg.
- Klagtes van 'n minder ernstige en gemeenskaplike aard, moet by die verteenwoordigende lid van die inwonerkomitee aangemeld word.

17. Allerlei

- Persoonlike netheid en netheid van kamers moet gehandhaaf word, indien dit nog binne die vermoë van die inwoner is.
- Inwoners en familieledede mag nie met die werk van gesondheidspersoneel, kombuispersoneel of skoonmakers inmeng nie.
- Enige probleme rondom personeel moet by die matrone of die hoofbestuurder aangemeld word.
- Fooitjies mag nie aan personeel gegee word om ekstra take te verrig of voorkeurbehandeling te kry nie.
- Geen troeteldiere mag aangehou word nie. Omdat diere terapeutiese waarde het, sal die bestuur met tye reël dat buite-instansies troeteldiere na Rusoord en sy inwoners bring.
- Geen privaat oproepe sal vir inwoners vanaf dienskamers gemaak word nie.
- Rusoord beskik nie oor genoeg parkering binne die terrein nie. Indien 'n inwoner 'n kar besit, sal dit óf in die straat parkeer moet word óf by naasbestaandes.